Boodskap, 4 Mei 2008
Ds Feddie Schoeman

In die eerste deel van die verhaal sien hoe ego-gedrewe mens – selfsugtig, ambisieus, sterk begeerte om bo uit te kom in die lewe kom wat wil. Hy skroom nie om mense deur die ore te werk en te bedrieg nie. Wil vir homself 'n plek in die lewe oopskop. Ambisie is allesoorweldigend.

Drie insidente:

Geboorte
Lensiesop
Seën

Leef sonder God se liefde en aanvaarding.

Jakob droom – son gaan onder – ook oor sy lewe. Verkeer in diep krisis.

Trap tot by die hemelkoepel. (Babel = menslike ambisie – mense bou toe by hemel; kry dit nie reg nie – hier: God bou die trap vanuit die hemel na die mens.)

"Toe kom staan die Here by Jakob"

Praat: "Ek is Jahwe, die God van Abraham, die God van Isak"

Wat gaan die Here sê? Gaan Hy straf? Gaan Hy sy oordeel oor Jakob uitspreek oor wat hy gedoen het? Gaan Hy vir Jakob sê hoe 'n slegte mens hy is? Trap = preekstoel / baie kwaai dominee op wat veroordelend die vinger swaai.

Wat moes deur Jakob se gedagtes gegaan het?

Jy kan my met jou toekoms en met jou hede vertrou – ten spyte van jou verlede.

Ek is die God van Abraham Isak … en nou ook: Jakob? (Ons?)

Jakob verlaat die beloofde land – versekering: die grond waarop jy lê sal jou nageslag s'n wees. Lyk of jy verder en verder weg beweeg … maar God sal jou dit op die ou end laat toekom. Lyk soms asof dit nie uitwerk vir ons nie – asof ons nie kry wat ons veronderstel is om te kry nie – maar God is tog besig al lyk dit hoe onverstaanbaar – ons moet Hom vertrou. God se beloftes word dikwels oor geslagte heen gerealiseer.

Lyk asof dinge in ons land nie uitwerk nie – maar oor *lang* termyn … geslagte heen / Ons mag dit dalk nie in ons leeftyd beleef nie.

Die Here se seën is nie in die eerste plek ter wille van ons nie – dis vir ander. God se droom vir ons: 'n lewe van liefde, vreugde en vrede --- is sodat ons die mense rondom ons se lewens kan verryk met liefde, met vreugde, met vrede.

Die Here ten diepste kom sê vir Jakob: Ek het 'n ander droom vir jou. Jy droom oor rykdom en voorspoed. Jy droom oor eer en erkenning. Maar: Jou droom het jou nou in hierdie moeilikheid laat beland – jy is gedwing om te vlug. Ek het 'n ander droom vir jou …

Maar Hy sê dit nie in soveel woorde in hierdie stadium nie – Jakob sal dit nog nie verstaan nie. Die Here weet dat wat Jakob in sy situasie nodig het is 'n versekering van liefde en trou. Nie preek nie.

Hierdie eerste ontmoeting verander nie onmiddellik Jakob se lewe nie. Bly steeds 'n selfsugtige strewer. Dit is egter die begin van 'n proses. Daar moet nog baie gebeur – sal dit hierdie week sien (vergelyk temas)

God se liefde vir hom is onvoorwaardelik. Sy lojaliteit teenoor God is voorwaardelik.

Maar daar is al vordering! Jakob is 'n gelowige. Hy is 'n geroepene. Die Here het in sy lewe kom ingryp.